



Wisselbou: Só lyk beste stelsel

KORTOM

- 'n Nuwe ondersoek bepaal hoe winsgewend verskillende wisselboustelsels is. Dit is nuttig vir Kaapse boere wat nou besluite moet neem voor planttyd.
- 'n Stelsel waar kanola een keer in vier jaar op dieselfde grond verbou word, lewer die beste bruto marge oor tien jaar.
- Op plase met vee lewer 'n stelsel met 50% koring, 25% kanola en 25% medics die beste inkomste.

'Dit is insiggewend dat kanola uit eie reg 'n winsgewende vertakking is.'

'n Studie oor die winsgewendheid van verskillende wisselboustelsels is onlangs voltooi. Met die planttyd op hande vir Kaapse graanboere kan dit 'n nuttige hulpmiddel vir besluitneming wees.

Die relatiewe winsgewendheid van verskillende wisselboustelsels wat algemeen in die Wes- en Suid-Kaapse kleingraanstreke gebruik word, is onder die vergrootglas geplaas in 'n ondersoek wat pas voltooi is. Die ondersoek is in opdrag van die Proteïennavorsingstigting (PNS) deur mnr. Junior Ferreira, 'n landbou-ekonomiese raadgewer verbonde aan Agriconcept in Pretoria, gedoen.

'n Besonder insiggewende vergelyking is ook getref tussen die winsgewendheid van hierdie stelsels en 'n stelsel van langdurige koring-op-koringverbouing.

Dit is algemeen bekend dat graanboere slegs sal oorweeg om 'n koringmonokultuurstelsel uit te fa-seer as die ander opsies geldelik meer sin maak. Talle Swartlandse boere volg daarom die koring-op-koringverbouingstelsel. Te klein plase te midde van stygende produksiekoste en lae produkpryse laat sulke boere dikwels met geen ander keuse nie.

Saam met grasonkruides se groeiende bestandheid teen chemiese bestrydingsmiddels (navorsers het dit al as 'n tydbom bestempel) vind boere wat 'n

koringmonokultuurstelsel toepas, dat hulle toene-mend minder mededingend word vergeleke met boere wat 'n meer gediversifiseerde stelsel volg.

Die uitslae van hierdie ondersoek bring hoop ook vir daardie boere.

KANOLA

Die potensiaal vir kanola-verbouing is nog groot-likes onderbenut in die winterreëngedebied. 'n Konser-watiewe raming dui op 'n potensiaal van minstens 100 000 hektaar. Net sowat 44 000 hektaar word in hierdie stadium met kanola beplant.

Kanola is 'n koelweergewas en uitnemend geskik as kontant- en wisselbougewas vir die nat en koel winters van die Wes- en Suid-Kaap. Die wilde oliesaad kry ook stadigaan staanplek in ander dele van die land. Proewe daarmee word reeds gedoen.

Die ondersoek het gekonsentreer op produksie-stelsels, gewasopbrengste en koste wat in daardie gebied van toepassing is. Studiegroepe in die onderskeie gebiede se bydraes en ander toepaslike gegewens is bekom en ook vir die doeleindes van vergelyking en ondersteuning gebruik.

Kundige hulp by Mariendhal-proefplaas en die

LINKS: Die potensiaal vir kanola is nog onderbenut in die winterreënstreke. Tog is kanola daar uit eie reg 'n winsgewende vertakking.

Landboukollege Grootfontein is ingeroep ten einde betroubare inkomste- en kosteramings vir die skaapvertakking op te stel. Belangrike inligting is ook van BKB-personeel binne die ondersoekgebied bekom.

MEDICS

Ten einde die vergelyking van die winsgewendheid van wisselboustelsels te vereenvoudig, sê Ferreira, is die vestigingskoste van medics as 'n eenmalige kontantuitgawe beskou vir die jaar waarbinne dit gevestig is. Binne 'n standaard rekenkundige stelsel sou medics oorsy verwagte leeftyd afgeskryf word.

Die finansiële vergelykings tussen wisselboustelsels word op 'n kontantvloei grondslag aangebied. Die gemiddelde jaarlikse kontantvloei is vir 'n tydperk van tien jaar bereken en gebruik om betroubare vergelykings tussen die verskillende wisselboustelsels te tref.

Ferreira sê as die vestigingskoste van medics soos voorgeskryf deur standaard finansiële stelsel afgeskryf sou word, kan die vergelykende finansiële syfers ietwat verskil van die vergelykende syfers soos in hierdie verslag aangebied word. Die verskil is egter nie sodanig dat dit die resultate van die studie sou beïnvloed het nie.

Dit word verder aangeneem dat die behoefte aan trekkers en werktuie dieselfde vir die verskillende stelsels is.

Die winsbepaling vir die "tipiese plaas" word net tot op 'n bruto marge grondslag bereken. Dit is omrede die oorhoofse koste vir die verskillende stelsels dieselfde behoort te wees.

VERONDERSTELLINGS

Ferreira het vir doeleindes van hierdie ondersoek veronderstel dat die "tipiese plaas" sowat 700 hektaar groot is en op 'n koringmonokultuurstelsel was voordat 'n alternatiewe wisselboustelsel toegepas word.

Altesame vyf stelsels, vier wisselboustelsels en een monokultuur, is geïdentifiseer:

- Stelsel A: Koringmonokultuur.
- Stelsel B: 75% koring, 25% kanola (TT-kultivars).
- Stelsel C: 50% koring, 25% medics, 25% kanola (hoë-opbrengskultivars).
- Stelsel D: 25% koring, 50% medics, 25% kanola (hoë-opbrengskultivars).
- Stelsel E: 33,3% medics, 33,3% koring, 33,3% kanola (hoë-opbrengskultivars).

Hy wys ook daarop dat kanola se triasien-verdraagsame (TT) kultivars doelbewus vir stelsel B gekies is. Die veronderstelling is dat ná drie agtereenvolgende jare van koringverbouing 'n groot moontlikheid bestaan dat onkruid, soos raaigras, sterk weerstand teen onkruidodders opgebou het.

TT-kultivars is juis geteel vir gebruik op lande wat erg met onkruid besmet is en waar reeds weerstand voorkom wat met andersoortige chemiese middels, soos triasien-onkruidodders, bestry moet word.

'n Drakrag van twee ooie per hektaar is gebruik om die inkomste vanaf medicslande te bereken.

Ten einde bruto marges vir die verskillende wisselboustelsels op die "tipiese plaas" te kon bepaal, is inkomste- en kosteramings in detail per vertakking per hektaar opgestel. In dié verband was MKB van Moorreesburg 'n noodsaaklike bron van inligting.

Hulle het onder meer die volgende gedetailleerde inkomste- en kosteramings voorsien vir:

- Koringmonokultuur.
- Koring op medics.
- Koring op kanola.
- Kanola.
- Die vestiging van medics.
- Medics se jaarlikse bedryfskoste

BRUTO MARGES

Die onderskeie stelsels se bruto marges vir al die vertakings oor 'n tydperk van tien jaar op 'n tipiese plaasgrootte van 700 hektaar word in **TABEL 1** opgesom. Daarvolgens lewer koring ná medics die hoogste bruto marge. Dog, terselfdertyd lewer medics (vee-vertakking) die laagste bruto marge omdat die vestigingskoste van medics R2 184 per hektaar beloop.

Dit is insiggewend, sê Ferreira, dat kanola uit ►

STELSELS VERGELYK

KORING WERK MET KANOLA

'n Wisselboustelsel met 75% koring en 25% kanola is die aangewese keuse vir boere is wat slegs met kontantgewasse wil boer, sê mnr. Junior Ferreira.

Wisselboustelsel C met 50% koring, 25% medics en 25% kanola is eweneens 'n goeie opsie op plase waar die vee-vertakking as belangrik geag word.

Ferreira wys ook daarop dat die oorsakeling van 'n koringmonokultuurstelsel na wisselboustelsel B (75% koring en 25% kanola) moontlik is sonder dat bykomende kapitaal vir die aankoop van werktuie nodig is.

'n Omskakeling na wisselboustelsel C, wat medics insluit, verg meestal 'n bykomende kapitaaluitleg vir die aankoop van vee.

TABEL 1: BRUTO MARGES VAN GEÏDENTIFISEERDE VERTAKKINGS

Item	Koringmonokultuur	Koring 2 en 3 jaar ná kanola	Koring ná medics	Koring ná kanola	Koring ná twee jaar medics	Kanola (TT-kultivars)	Kanola (hoë-opbrengskultivars)	Medics (vestig)	Medics (bedryf)
Drakrag (ooie per ha medics)	—	—	—	—	—	—	—	—	2,0
Opbrengs/ha (ton)	2,4	2,65	3,0	3,0	3,5	1,4	1,6	0	0
Kontrakprys (R/ton)	3 500	3 500	3 500	3 500	3 500	4 550	4 550	0	0
Bruto produksiewaarde (R/ha)	8 400	9 275	10 500	10 500	12 250	6 370	7 280	0	2 414
Bemerkingskoste (R/ha)	1 582	1 746	1 977	1 977	2 307	27	31	0	163
Netto plaasheverkoep (R/ha)	6 818	7 529	8 523	8 523	9 944	6 343	7 249	0	2 251
Regstreekse vooroetskoste (R/ha)	3 788	3 788	2 773	3 022	2 756	2 245	2 453	2 090	596
Oeskoste (R/ha)	274	274	274	274	274	274	274	0	0
Regstreekse koste, skaapproduksie (R/ha)	—	—	—	—	—	—	—	—	289
Totale regstreekse koste (R/ha)	4 062	4 062	3 047	3 296	3 030	2 519	2 727	2 090	885
Bruto marge voor rente (R/ha)	2 756	3 466	5 476	5 227	6 913	3 824	4 522	-2 090	1 365
Bruto marge ná rente (R)	2 573	3 284	5 339	5 078	6 777	3 710	4 400	-2 184	1 289

TABEL 2: 'N OPSOMMING VAN DIE GEMIDDELDE BRUTO MARGE OOR 'N TYDPERK VAN TIEN JAAR PER WISSELBOUSTESEL VIR DIE BOERDERY-EENHEID VAN 700 HEKTAAR. GEGEWENS HIER IS VAN HOOG TOT LAAG GERANGSKIK EN VOLGENS 2012-PRYSE BEREKEN.

Wisselboustelsel	B	C	E	D	A
	%				
Koring	75	50	33,3	25	100
Kanola	25	25	33,3	25	0
Medics	-	25	33,3	50	0
TOTAAL	100	100	100	100	100
Finansiële resultate	Rand (R)				
Bruto inkomste	6 085 188	5 094 696	4 545 611	4 122 541	5 880 000
Bemarkingskoste	940 566	741 089	558 231	535 643	1 107 120
Regstreekse vooroes- en oeskoste	2 452 957	1 931 301	1 723 970	1 563 525	2 843 596
Rente op bedryfskapitaal	110 383	90 773	83 590	80 021	127 962
Inkomste ná regstreekse koste en rente	2 581 281	2 331 533	2 179 821	1 943 352	1 801 322
Inkomste ná regstreekse koste en rente per ha	3 688	3 331	3 114	2 776	2 573

TABEL 3: GEMIDDELDE JAARLIKSE INKOMSTE PER BOERDERY-EENHEID VAN 700 HA WANNEER WISSELBOUSTESEL IN BALANS IS (2012-PRYSE).

Wisselboustelsel	C	B	E	D	A
	%				
Koring	50	75	33,3	25	100
Kanola	25	25	33,3	25	0
Medics	25	0	33,3	50	0
TOTAAL	100	100	100	100	100
Finansiële resultate	Rand (R)				
Bron	Byl C3	Byl C2	Byl C5	Byl C4	Byl C1
Bruto inkomste	5 371 494	6 198 500	4 711 319	4 262 738	5 880 000
Bemarkingskoste	725 927	961 902	506 530	466 216	1 107 120
Regstreekse produksiekoste	1 742 273	2 439 552	1 553 683	1 317 392	2 843 596
Rente op bedryfskapitaal	84 844	109 780	78 504	72 176	127 962
Inkomste ná regstreekse koste en rente	2 818 450	2 687 267	2 572 602	2 406 965	1 801 322
Inkomste ná regstreekse koste en rente per ha	4 026	3 839	3 675	3 439	2 573

Dit is insiggewend dat die bruto marge van die wisselboustelsels afgeneem het namate die persentasie medics daarin toegeneem het.

ONDER: Medics kan 'n belangrike rol speel in die winsgewendheid van 'n wisselboustelsel.

FOTO: AMELIA GENIS



◀ eie reg 'n winsgewende vertakking is.

TABEL 2 bied 'n opsomming van die gemiddelde bruto marge oor 'n tydperk van tien jaar per wisselboustelsel vir die boerderyeenheid van 700 hektaar. In hierdie geval is 'n koringmonokultuurstelsel as die vertrekpunt gebruik en is die verskillende wisselboustelsels geleidelik ingevoer.

Volgens Ferreira het stelsel B, waarvolgens kanola jaarliks op 25% van die plaasoppervlakte (dus een keer in vier jaar op dieselfde grond) verbou word, op 'n gemiddelde grondslag oor tien jaar die beste gevaar. Dit het gebeur ten spyte daarvan dat TT-kanola, wat laer opbrengste as die kultivarkeuse vir die ander stelsels (hoë-opbrengskanola) lewer, in hierdie stelsel gebruik is.

“Hoewel die gebruik van TT-kanolakultivars 'n maklike en goedkoper metode is om van raaigrasweerstandbiedende onkruid te ontslae te raak, is daar ook ander metodes om daardie probleem aan te pak.

“As weerstandbiedende onkruid nie 'n probleem

is nie, kan kultivars met 'n hoë-opbrengspotensiaal, soos die konvensionele of CL-kultivars, ook in hierdie stelsel gebruik word. Dit sal die bruto marge van wisselboustelsel B selfs verder verhoog,” sê Ferreira.

Hy beskou dit ook as insiggewend dat die bruto marge van die wisselboustelsels afgeneem het namate die persentasie medics daarin toegeneem het vanaf 25% (stelsel C), tot 33% (stelsel E) en 50% (stelsel D).

Die afname in bruto marge het plaasgevind al het koring hoër opbrengste in opvolging ná medics gelewer. Dit kan natuurlik aan die reeds genoemde lae bruto marges van die medics toegeskryf word. Hy sê voorts: “Al is die gewilde koring-medics-wisselboustelsel (50% koring en 50% medics) nie in hierdie studie ingesluit is nie, is dit uit bostaande duidelik dat dit ook laer bruto marges as wisselboustelsel B sal lewer.”

TABEL 2 toon voorts dat die koringmonokultuurstelsel die swakste gevaar het. Die bevinding klop met plaaslike sowel as buitelandse proefresultate.

INKOMSTE

Ferreira het ook 'n ontleding gemaak om die inkomste ná regstreekse koste te bereken vir wisselboustelsels wat in balans is. Dit wil sê die wisselboustelsels is ten volle oor die hele plaas ingevoer en die wisselbou-voordele is dus ten volle van toepassing. Hierdie resultate wat op 2012-pryse gegrond is, word in **TABEL 3** uiteengesit. Die bruto marges van die wisselboustelsels in balans is ook van hoog na laag gerangskik.

Sodanige stelsels bring bykomende uitgawes mee en dit duur boonop langer om in balans te kom, sê hy. In hierdie geval vaar wisselboustelsel C (R4 026 per hektaar per jaar) marginaal beter as wisselboustelsel B (R3 839 per hektaar per jaar). Dit is nou as aanvaar word dat die wisselboustelsels ten volle ingevoer en die wisselbouvoordele dus ten volle van toepassing is. Ook hier vaar die koringmonokultuurstelsel (A) die swakste. **LBW**